WEL EN WEE VAN DIE MILITêRE VETERANE : BERIG 08/2020
31/08/2020

WEE VAN DIE VETERANE

1. Afsterwe van Albertus (Snakes) Snyman van die Kavallerie

Toon Slabbert van die Kavallerie verwittig met leedwese "… dat Snakes op 09/08/2020 oorlede is. Rita het vir Snakes aanhuis in Pretoria versorg, maar toe sy toestand nie verbeter nie is hy by 1 Mil Hosp vir behandeling opgeneem. By die hospitaal is bepaal dat hy aan geelsug ly. Snakes se dogter, Anneke, se selno is 079 512 6771".

2. Passing of Vejaynand Indurjith Ramlakan of the Medics

Paul Els advises with regret of "... the passing of the previous SG on 27/08/2020 after suffering a heart attack".

3. Afsterwe van Chris du Toit van die Seiners

Christo Struwig van die Seiners verwittig met leedwese "… dat Chris oorlede is. Chris was 'n legende nadat hy in sy in sy jonger dae vir SWA, Oos-Transvaal en die SAW as stut rugby gespeel het. Hy was 'n blok van 'n man en het in 2006 by Delmas afgetreë. Mag hy in vrede rus tot ons eendag weer ontmoet".

Deon van Zyl van die Seiners voeg by "… dat Chris se loopbaan in 1980 begin het en dat hy laastens by die SA Seinskool in Wonderboom afgetreë het. Hy was gerespekteerde instrukteur en 'n uitmuntende rugbyspeler en sportman. Hy het met sy afsterwe by sy moeder, tannie Rose (95 Jaar oud) gewoon. Sy is baie geskok en vra dat sy liewerste nie geskakel word nie".

4. Afsterwe van AO1 Stompie Pretorius van die SALM

Gert Opperman van die Infanterie verwittig met leedwese "… dat Stompie op 14/08/2020, een maand voor sy 79ste verjaarsdag, oorlede is. Hy het aan kanker gely en het op 13/08/2020 'n operasie ondergaan, maar het 'n dag daarna 'n noodlottige hartaanval gehad. Stompie word deur Joan oorleef, maar sy ly aan gevorderde Alzheimer se Siekte".

5. Afsterwe van AO1 Sakkie Cornelissen van die Infanterie

Geoff Holland-Muter van die Infanterie-vereniging verwittig met leedwese "… dat RSM Cornelissen na 'n hartaanval oorlede is".

6. Afsterwe van AO1 Jakkie Nolte van die Infanterie

Geoff Holland-Muter verwittig met leedwese "… dat RSM Nolte na 'n operasie oorlede is om sy een been te amputeer".

7. Passing of Abraham (Abe) de Kock of the SAAF

Pieter Viljoen, Deputy Old Bill of the MOTHS in George, advises with regret of "... the passing of Abe on 28/07/2002 at the age of 95, a veteran of WW2. He had served with distinction in 12 Sqn as a pilot and had completed 43 combat missions in Marauder aircraft. After the war he married Hermie and they had five children and had farmed on Mooidraai near Sasolburg before retiring in George".

8. Afsterwe van Nick Beetge van die Meg Infanterie

Paul Els verwittig met leedwese dat "… AO2 Beetge, 'n oud-lid van 61 Meg Bn, op 01/08/2020 oorlede is".

9. Afsterwe van Ivan Graham van die Genie

Gerrie Brand van die Infanterie verwittig met leedwese "… dat sy swaer op 29/07/2020 in Witbank oorlede is. Ivan was 'n ware offisier en heer en 'n trotse soldaat wat by 17 Vd Eskn in Bethlehem, 2 Vd Genie Regt te Kroonstad, die SA Genieskool en as Genie-instrukteur by die SA Leërgevegskool gedien het. Hy was 'n vriendelike, saggeaarde en godsdienstige offisier wat Bybelverspreiding in lande regoor die wêreld gedoen het. Die begrafnis het op 05/08/2020 in Witbank plaasgevind".

10. Afsterwe van Leon Bezuidenout van die SAP

Paul Els verwittig met leedwese "… dat Leon op 02/08/2020 oorlede is. Leon was bekend aan baie lede van die SAW, was betrokke by die laaste kontak wat Koevoet in Apr 1989 in Owambo gehad het en het die Springbok-landloop elke jaar by die VTM gereël om die ou

soldate te vereer. Die kanonskoot aan die begin van die wedlope, die Harvard verbyvlugte en vele ander spesiale verrassings wat so eie aan Leon was, gaan ons terdeë mis. Hy het diep spore hier by die Monument getrap. Die foto van hom is by die VTM se landloop geneem.

11. Afsterwe van Johan Slabbert van Afd Inl

Callie Steijn van die SALM en Afd Inl verwittig met leedwese "… dat Slabbies op 27/08/2020 in Robertson oorlede is. Slabbies was 'n produk van die SA Mil Akad en het as 'n kmdt by Afd Inl uitgetree. Hy was 'n lojale en toegewyde inligtingsoffisier".

12. Passing of WO1 (Ret) Dirk Pretorius of the SAAF.

Koos van Rensburg of the SAAF Association advises "… with immense sadness of the passing of Dirk who had served as a WO and career MP Officer in the SAAF. The SAAFA offers our sincere condolences to his loved ones at this truly sad time".

13. Afsterwe van JJ Van Deventer van die Tegniese Dienskorps

Paul Els verwittig met leedwese "… dat JJ op 19/08/202 oorlede is, nadat hy vroeër by die Kmdmt OP Werkplaas in Port Elizabeth afgetreë het. Sy vrou, Jo, se selno is
083 604 8471".

14. Afsterwe van Neels Engelbrecht van die Genie

Paul Els verwittig met leedwese "… dat AO1 Neels Engelbrecht op 04/08/2020 oorlede is. Neels het lank by 1 Konstr Regt, 35 Genie Regt en by die SA Leërgim gedien.

15. Afsterwe van AO1 Joe Bullpit van Spes Magte

Paul Els verwittig met leedwese "… dat Joe op 20/08/2020 oorlede is. Die begrafnis het op 01/09/2020 vanuit die NG Gemeente te Melkbosstrand plaasgevind. Joe se vrou, Wilma, se selno is 082 786 3527".

16. Passing of Ann Mcurray : Widow of the Late Andrew McMurray of the SAN

Arne Soderland advises with deep regret "... of the passing of Ann on 24/08/2020 in Wilderness after contracting COVID. She was 93 years old. Our sincerest condolences to Megan and Dale and their families".

17. Terugslag vir Andre Bestbier van die Parabats

In 'n vorige Nuusbrief is genoem dat Andre se toestand na sy hartoperasie verswak het, waarna die Spes Magte Vereniging (SASMV) hom op 05/06/2020 met die Recce Care Ambulans vanaf 1 Mil Hosp na 'n Versorgingseenheid in Lyttelton verskuif het. Christo Roelofse is die Voorsitter van die SASMV en noem "... dat 'n infeksie na Andre se operasie sy neurologiese werking verswak het".

Pieter Swart van die Infanterie het vir Andre besoek en noem dat Andre besig is om stadig te herstel. Sy vrou, Jeanette, se selno is 072 716 9299".

Geoff Holland-Muter van die Infanterie-vereniging rapporteer dat dit "... nou vier maande na die hartomlyningsoperasie is en dat Andre steeds by 'n versorgingsoord aansterk. Sy toestand het egter sodanig verbeter dat hy moontlik teen eiende Aug 2020 huis toe kan gaan. Die familie versoek dat hy weens Covid-19 nie besoek ontvang nie, terwyl sy selfoon steeds nie beskikbaar is nie".

PERSOONLIKE BOODSKAPPE

18. Hulde aan die Gewone Soldate

Doepie Du Plessis van die Infanterie verklaar dat hy "... graag hulde wil bring aan al die gewone soldate wat grensdiens verrig het. Ek was nou onlangs in 'n geselskap waar diè era vuriglik bespreek was, maar dit was net Reccies en Koevoet voor en agter met uitsonderlike dade, trauma en waagmoed. Een Veteraan het toe terloops opgemerk dat hy aan die grens maar net patrollie gestap het, so asof hy skaam of teleurgesteld behoort te wees. Ek het as gewone soldaat en as bevelvoerder baie grensdiens verrig en is terdeë bewus van die deursettingsvermoë wat van die gewone soldate vereis is. Gee aan die lede van Spesmagte en Koevoet die eer wat hulle toekom, maar huldig ook die gewone soldate oor alle Korpse heen. Min mense besef dat voete op die grond en gebiedsdominering net so belangrik was om die vyand toegang tot die bevolking te ontsê".

19. Jeff Ormond van die Lugafweer

“Dit was goeie dae by die SD Tak van die SA Leërkol en van my beste jare in ons ou geliefde SAW. Tans bestuur ek as voorsitter en opsigter ’n klein behuisingskompleks met 14 eenhede in Waterkloofhoogte, waar ons ook woon. Het slegs een troep onder bevel, wat as algemene assistent dien, maar my bevel en beheer is onbesproke. Ek doen ook ligte onderhoudstake in van die eiendomme en verhuur drie eenhede names die eienaars”.

MILITêRE AANGELEENTHEDE

20. Die Treurige Toestand by DENE

Die volgende berig is van een van ons mismoedige lede ontvang:

“Die skakel by https://www.vryeweekblad.com/nuus-en-politiek/2020-08-13-denel-n-bloedige-slagveld-van-onbeholpenheid/ is ‘n uitstekende artikel, wat ten volle deur my onderskryf word. Ek is ’n voormalige offisier van die SALM wat as junior offisier in die 1970 en 80-jare baie blootstelling aan die WNNR se bevoegde personeel gehad en beleef het dat die verwantskap tussen weermagsdele, die WNNR en Krygkor uitstekende resultate gelewer het. In die jare na 1990 het hierdie verwantskap na weermagdele, Krygkor en DENEL verander en het die rol van die WNNR al minder geword. Die risiko wat met hierdie besluit gepaard gegaan het, is nie deur die SANW se nuwe gesagstruktuur verstaan nie. Selfs die toetsterreine, windtonnels en navorsinginstansies het vir oorlewing geveg.

Na 2010 het ek as offisier binne die strategie- en beplanningsomgewing gepoog om die verwantskap met die WNNR te herstel, want enige toekomstige aksie kan slegs vanaf ‘n hegte basis opereer. Die besluitnemers het egter nie hierdie beginsel verstaan nie. Die gevolg was die agteruitgang van DENEL, wat tans op geleende beseringstyd is”.

21. Explosion in Beirut

The well-known author, Al J. Venter, reacted with shock to of the massive explosion of the ammonium nitrate stock-pile in the harbour in Beirut, Libanon and mentions that an intelligence source in the USA had informed him as follows:

“The explosion looked like some of the fuel-air bombs that the Russians used with brutal effect against the rebels in Chechnya. The same kind of bomb, consisting mainly of ammonium nitrate fertilizer with a propane accelerant, was used to blow up the Marine barracks as the well as the French Embassy in Beirut in the 1980s. Hundreds of US Marines were killed and the explosion ripped a multi-storey concrete structure apart.

Ammonium nitrate was also used to blow up the Murrah Building in Oklahoma City by McVeigh and MacNeal, using diesel fuel as an accelerant. Finally, a similar huge explosion like that happened many years ago in Texas City, Texas, when a ship loaded with ammonium caught fire and blew up, killing 550 civilians”.

22. Chinese Submarine Spotted Entering Hidden Cave

Arne Soderland reports in his MN in this report and the others here below, that a satellite photo managed to capture a Chinese submarine entering a cave base on Hainan Island in the South China Sea. In the image, a submarine flanked by two small surface vessels is seen just outside the mouth of the cave leading to the base. The sub is probably a Shang-class nuclear-powered attack submarine. Situated on the southern coast of Hainan Island facing the South China Sea, Yulin is home to the PLAN’s nuclear submarine fleet. Although it has been under construction since 2000, little is known about the subterranean sanctuary.

23. Chinese Navy Transformed Cargo Ship into a Helicopter Carrier

In a creative bid to bolster its amphibious fleet, the Chinese fleet has transformed the commercial heavy-load carrier shown below, to support a Chinese naval exercise, functioning as a base for at least two army helicopters. It is not hard to imagine the same ship, or vessels like her, also functioning as a base for landing craft. These ships, taken up from trade, could quickly swell a Chinese invasion fleet.

24. Female Officer Selected as Commander of Australian Maritime Task Force

Capt Phillipa Hay of the Australian Navy has become the first woman to be appointed to command a naval task force. Between 17 and 31/08/2020, Hay commanded more than 2 500 sailors and 11 warships from Australia, Canada, France, Japan, the Republic of the Philippines, and the USA.

25. Huldeblyk aan Ons Gevalle Helde tydens die Bosoorlog

TOEKOMSTIGE OORLOGTEATERS

26. NTR.

MILITêRE MEDIESE VERSORGING

27. Swak Behandeling van AO1 (Aft) D. Pretorius van die SALM

Die dogter van die bogenoemde Sammajoor, mev Maggie Pretorius, het met smart aan die Nuusbrief gerapporteer dat haar Pa, "… m*y* ou dierbare Sammajoor*,*
wat aan Alzheimer en Parkinson se Siektes ly, is weens longontsteking by 1 Mil Hosp vir behandeling opgeneem. Met opname het hy aan asemnood gely en is positief vir Covid-19 getoets. Ek het sy Neuroloog versoek dat suurstofondersteuning aan hom verskaf word, maar is meegedeel dat dit weens sy toestand nie moontlik is nie".

AO1 Pretorius is toe kort daarna in 1 Mil Hosp oorlede. Navraag is deur 'n goedgunstige afgetrede senior SAGD-offisier gedoen en is meegedeel dat die geval ondersoek en aan mev Pretorius terugvoer verskaf sal word. Die hospitaal het egter nog nie met mev Pretorius in kontak getreë nie.

Daar is in die media gerapporteer dat Medici hulle met die huidige pandemie die reg voorbehou om oor die wenslikheid en toepaslikheid van mediese behandeling te beslis, maar daar is seker maar vertrou dat dit nie ook tot nadeel van ons afgetrede lede gaan gebeur nie.

FUNCTIONING OF THE MEDICAL CONTINUATION FUND (RFMCF)

28. NTR.

EIETYDSE MILITêRE GESKIEDENIS

29. End of the Bush War

Jaco Steenberg of the SADF Association states "… that 32 years ago, at 17:00 on 08/08/1988, the guns in Southern Angola fell silent when a ceasefire came into effect, effectively bringing an end to the Bush War. Note. There was of course the later skirmish when SWAPO (PLAN) attempted to exploit the ceasefire by infiltrating a large number of insurgents into Owambo, but was repulsed by elements of the SADF and Koevoet, resulting in a bloody defeat.

30. History of the SA Army Col

Mo Oelschig of the Parabats has provided a staff paper on the history of the alma mater of many of us, which is of historic value. Mo notes that a Staff Course was the very first course ever presented by the SA Mil School in Jul 1912. The study is available from Mo at happycrest@shaw.ca.

31. Aide de Camp vir Pres Jim Fouché

Chris Van Zyl vertel dat hy "… in 1971 vir 'n jaar lank as een van wyle pres Jim Fouché se twee Aides de Camp gedien het. Ek was nog vars en vreemd in die pos toe Oom Jim my een middag ontbied. Daar aangekom sit hy met 'n handdoek om die nek, haarknipper, skêr en kam byderhand en beveel terstond dat ek die lastige langerige hare agter sy ore om moet 'trim'. Van haarsny het ek minder as níks geweet, maar as ek nog nóóit met knipper en skêr hiper-versigtig te werk gegaan het nie, dan het ek dit daardie middag gedoen. So knip-knip

met die skêr in die lug soos wat bedrewe barbiers doen, het ek meeste van die nodige gedoen deur eintlik die lastige hare uit pure versigtigheid mis te gesny het".

32. Toekenning van Bekamping van Terrorisme Medalje aan 'n Burgerlike Dame

Hennie Heymans van die ZARPe doen in sy uitstekende tydskrif, Nongqai, navraag oor die jong dame aan wie tydens die bosoorlog, die Bekamping van Terrorisme Medalje toegeken is, wat haar familie op hulle plaas in SWA beskerm het.

Japie de Jager reageer en noem dat Sonja Dressel daardie aand twee terroriste met ‘n R1 geweer op die plaas ‘Tirol’ naby Grootfontein doodgeskiet het.

33. Re-writing the History

President Donald Trump recently referred to the similarity between the current COVID-19 circumstances and those experienced during the flu pandemic a century ago in 1918. He stated that “… in 1917 the great pandemic was a terrible thing where they lost anywhere from 50 to 100 million people and which probably ended the Second World War”.

34. Experience Prior to Op Savannah

Jock Harris of the Infantry mentions that “… in Nov 1975 a number of us who had been attending the Combat Group Commanders Course, were ordered to the SA Army Col to be sent off to train UNITA and FNLA troops in Serpa Pinto and Silva Porto in Angola. The group consisted of Johnny Coetzer, Gert Grobler, Gert Coetzer, Johan Holm, James Hills, Dries van Coller and a few others, while the rest of the course followed piece-meal. During the battle of Ebo on Sunday, 23/11/1975, Daan Taljaard was shot down with the pilot and a fire controller. Daantjie had left six letters to his fiancé with Leon Wessels at Cela. On our return, Leon gave me the letters to take to Daantjies’ fiancé in Pretoria. On my arrival, I was housed in a room in Lukin, awaiting Ina to accompany me back to Oudtshoorn. I contacted Daantjies’ fiancé, who already knew that the plane was missing. Her father accompanied her to the College to fetch the letters. Poignant, to say the least!”

35. MK in Angola

Brian Adams of the Infantry has reacted with mirth to the statement by the government “… thanking the Cubans for fighting with the MK soldiers in the
‘jungles of Angola’. I am still laughing about his obvious idiocy about the ‘jungles’ of Southern Angola, as the five years that had I lived and served on the Border, with quite a few weeks inside Angola, I never once came into contact with any MK soldiers! Am I alone? Did I miss something?”

36. Bewaring van Militêre Stukke van Historiese Belang

Paul Els noem dat hy "... verneem het van 'n bejaarde weduwee wat besig was om huis skoon te maak en haar man se uniform van WO2 op die sypaadjie geplaas het vir die Bergies om te kom haal. My vriend het na die munisipale vullishoop gegaan om te prober red, maar net die hekwag daar gevind wat in 'n SALM tuniek geklee is. 'n Afgetrede generaal het hom onlangs vertel dat dit hom twee dae geneem het om die foto's van sy leeftyd te versnipper.

Ek wil asseblief 'n beroep op die Militêre Veterane doen om nie hulle militêre foto's, tydskrifte, dokumente, uitrusting of kledingstukke weg te gooi nie. Maak kontak met iemand wat belangstel sal stel om dit vir bewaring oor te neem. Selfs ou fotos van die twee Anglo/Boere-oorloë en van WO1 en 2 kan bewaar word. In Pretoria is ek net 'n oproep vêr op my selno by 083 344 5993 en ek weet van mense wat dit graag sal wil ontvang. Lig u familie in oor die behoefde aan bewaring en wat om met u goed te doen wanneer u wegval.

Daar is ongelukkig nie 'n sentrale plek in Pretoria waar ons militêre items van historiese belang bewaar kan word nie. Dit is ons geskiedenis en ons moet nie toelaat dat ons geskiedenis vernietig word nie. In Australië word 'n museum ingerig om daar ons militêre geskiedenis te vertoon, terwyl die skoolseun van Kimberley, Jandré du Plessis, tans een van die grootste militêre versamelings in die land het. Hy weet meer van die bosoorlog as baie van ons en het selfs onlangs 'n nie-profyt organisasie, Curatoria, geregistreer om as amptelike bewaar-platform vir ons erfenis en geskiedenis te dien. Hy het ook 'n groot stoorruimte bekom, danksy 'n weldoener wat die projek wil ondersteun".

37. Two Stories with a Twist in the Tail. Deon Potgieter of MOTH Signals in Mossel Bay provided the following:

* Story Number One

Al Capone virtually owned Chicago. He was notorious for enmeshing the city in crime, prostitution and murder. He had a lawyer nicknamed 'Easy Eddie' who was so good that he kept Big Al out of jail for a long time. To show his appreciation, Capone paid him very well and Eddie and his family occupied a mansion that was so large that it filled an entire block in Chicago City. Eddie lived the high life, but had one soft spot, as he had a son that he loved dearly. Eddie saw to it that his young son had clothes, cars, and a good education, but despite his involvement with organized crime, Eddie tried to teach him right from wrong. Eddie wanted his son to be a better man than he was. One day, Easy Eddie reached a difficult decision and decided to go to the authorities and tell the truth about Al Capone, clean up his tarnished name, and offer his son some resemblance of integrity. He testified against the mob and soon his life ended in a blaze of gunfire on a street in Chicago. But he had given his son the greatest gift he had to offer, at the greatest price he could ever pay.

* Story Number Two

WW2 produced many heroes and one such man was Lt Cmdr Butch O'Hare. He was a fighter pilot assigned to the aircraft carrier USS Lexington in the South Pacific. One day his entire squadron was sent on a mission and after he was airborne, he looked at his fuel gauge and realized that someone had forgotten to top up his fuel tank. He would not have enough fuel to complete his mission and was ordered to return to the carrier. On his return, he saw a squadron of Japanese aircraft speeding its way toward the USA fleet. The fighters were gone on a sortie and the fleet was all but defenceless. He could not warn the fleet of the approaching danger and he dove into the formation of Japanese planes, attacking one surprised enemy plane after another. Butch wove in and out of the now broken formation

and fired at as many planes as possible until all his ammunition was spent. Undaunted, he continued to dive at the planes, trying to clip a wing or tail in hopes of damaging as many enemy planes as possible. Finally, the exasperated Japanese squadron took off in another direction. Deeply relieved, Butch and his tattered fighter limped back to the carrier. Upon arrival, the film from the gun-camera showed that he had destroyed five enemy aircraft and Butch became the USN's first Naval Aviator to win the Medal of Honour.
A year later Butch was killed in aerial combat at the age of 29. His hometown would not allow his memory to fade and named O'Hare airport in Chicago as tribute to his courage.

What is the relevance between the two stories? Butch O'Hare was 'Easy Eddie's' son.

NUWE MILITêRE BOEKE

38. Die Brug : Na die Hel en Terug in Angola

Deon Lamprecht se boek is wyd in die media aanbeveel en is vir R250 vanaf Delta Books verkrygbaar.

39. Ons Was Sektor 20 en 70

Johan van Wyngaard van Leërinligting noem dat sy nuwe boek, *Ons Was Daar Sektor 20 en 70,* uit 520 bladsye en 90 kleurbladfotos bestaan. Die inhoud bevat die algemene omskrywing van die gebied en politieke en vyandelike situasie van daardie die tyd, met spesifieke informasie van die hoofkwartiere en eenhede, asook operasies geloods. Dit sluit persoonlike stories en wedervaaringe in tydens Ops Moduler, Hooper, Packer, Prone, Hilti en Exite. Die boek bevat die persoonlike verhale van die manne en hulle gesinne wat daar diens gedoen het en skets hulle ervaringe en uitdagings. Die verhale van AK de Jager, Hans Moller, Chris van Zyl, Mucho Delport, Johann Vorster, Nic Pretorius, Albert Jansen, Dennis Shone, JR Liebenberg, Frik Strydom, Johan Swanepoel, Lieb Bester, Basjan van Niekerk en verskeie ander offisiere en manskappe, maak vir interessante leesgenot.

Die boek word aan u bekendgestel om die oplaag vir drukwerk te bepaal. Die verkoopprys sal R340 wees, wat posgeld uitsluit. Dit word verwag dat die boek einde Sep 2020 beskikbaar sal wees. Lede wat belangstel moet my asseblief by johanvwyn@gmail.com kontak".

40. *Vang 'n Boer: Die stryd tussen Boer en Ovambo*

De boek deur Louis Bothma skets die verhaal van twee volke waarvan die paaie meer as 80 jaar voor die begin van die Grensoorlog in 1966 die eerste maal gekruis het. Die boek gee nuwe perspektiewe op 'n oorlog wat tot dusver binne die konteks van ideologie verstaan is. 'n Komplekse historiese proses, wat die oorlog voorafgegaan het, word beskryf. Die klem val nie net op die militêre konfrontasie tussen Boer en Ovambo nie, maar die diplomatieke, politieke en ekonomiese stryd wat ten nouste daarmee verband hou, word ook ontleed.

Waar Boer en Ovambo dit in die bos met die wapen uitspook, is dit nie 'n eensydige stryd waar een kant al die helde oplewer en die ander kant die skurke is wat in massa afgemaai word nie. Die stryd woed ook nie net in die bosse op die Grens nie, maar regoor die hele Suider-Afrika en in die vergadersale van die VN.

Soos in sy beroemde boek '*Die Buffel Struikel'*, dra LJ Bothma die geskiedenis op 'n objektiewe wyse aan die leser oor. Dit is in sagteband, bevat 618 bladsye vir R375 vanaf Bush War Publications.

PAUL ELS SE BOEKE

41. Nuwe Boek oor Op Savannah

Paul Els verklaar dat hy "...fotos benodig van wyle Johan Holm en Hollie Holthausen wat betrokke was in Op Savannah, vir 'n nuwe boek wat ek oor hierdie operasie skryf. Die foto's moes verkieslik tydens Op Savannah geneem gewees het".

WELSYNSWERK

42. Behuising by die GEM Village in Irene

Mauritz Lombard van die Geskut "... wil die Veterane graag herinner dat GEM Village in Irene, wat gestig is deur die Artillerie en Sappeurs se Veterane- organisasies, billike en bekostigbare behuising aan Militêre Veterane bied. Volle besonderhede is op die skakel by www.gemvillage.org.za of op 012-667 1823 beskikbaar".

ALGEMENE ASPEKTE

43. Hoefangel : News Letter of the Savannah Veterans' Association

The news letter is available from the e-mail address at ereatrust@mweb.co.za. The news letter contains a concise history of the operation and also offers some memorabilia, which will soon be available in the form of Savannah ties, pocked badges, caps, wine bottle and coffee mugs..

44. Military Despatches

The edition of Matt Tennyson's issue of Aug 2020 is once again a fine publication and is available from his e-mail address at matt@hipe.co.za. Robbie Roberts of the Signals' association advises "… that Matt is considering to suspend the publication due to the costs involved and appeals to each of us to respond to Matt and let him know how you feel about continuing to receive Military Despatches and, if so, whether or not you will be prepared to pay a small subscription or contribute in some other manner towards the publication".

45. Newsletter of the Naval Officers' Association of Southern Africa

Angel states that Spindrift, the Newsletter for Aug 2020, is available and can be requested from the Secretary, John Lamont, at glentyne@yebo.co.za.

NUUS OOR DIE VETERANE-ORGANISASIES

46. Inleiding

Hierdie groephoof is geskep met die spesifieke doel om aan die Veterane-organisasies 'n forum te bied waar hulle die breër Veterane-gemeenskap oor hulle onderskeie aktiwiteite kan inlig. Maak gerus gebruik daarvan en insette sal waardeer word.

47. Funksionering van Takke van die Infanterie-vereniging.
Geoff Holland-Muter rapporteer soos volg:

a. Tak aan die Wesrand.
Tydens 'n vergadering was die huidige bestuur vir nog 'n jaar herkies. Kontak Allan Baudry by 08734444970 om aan te sluit.

b. Tak aan die Tuinroete.
Takstigting is byna afgehandel. Infanteriste in die omgewings van Oudtshoorn, Mosselbaai en George word versoek om vir Derick Coetzee by 0834599080 te kontak om aan te sluit en deel te word van die tak. Hulle het op 22/08/2020 die gedenkdiens van 61 Meg Bn bygewoon. Lede van ander korpse is welkom om aan te sluit.

c. Pretoria-tak.
Die tak sal binnekort gestig word. Stigting gaan voort sodra die grendeltoestand dit toelaat. Kontak solank vir Anton Swanevelder by 0724600555 om deel te word van hierdie tak.

d. NUR Kontakte
Ander kontakte by die NUR is:
a. Kobus Loubser. Wewings beampte .0729183968
b. Wickus van der Linde. Logistieke Beampte. 0836075317
c. Geoff Holland-Muter. Administratiewe Beampte. 0766379355.

48. Gedenkdiens van 61 Meg Bn se Veterane-vereniging.

Roderick van der Westhuizen van 61 Meg Bn rapporteer soos volg:

"Die jaarlikse gedenkdiens, parade en AJV het op 22/08/2020 op `n gedesentraliseerde basis weens die COVID-19 Pandemie plaasgevind. Die gedenkdiens se seremonie is op YouTube opgeneem en by al die parades in die RSA, Namibië, Australië en Nieuw Zealand vir eenvormigheid uitgesaai en is steeds op die skakel by https://youtu.be/_AzAQ_C9RsU beskikbaar. Die diens in die Suid-Kaap het op `n plaas naby Grootbrakrivier plaasgevind, waar 29 van 61 Meg Bn se Veterane en 57 gaste van ander weermagsdele en korpse teenwoordig was. Na die parade is ou vriendskappe en nuwe bande om die braaivleisvure gesmee".

49. Byeenkoms van die Parabats Veterane-organisasie (PVO).

Paul Els doen soos volg verslag:

"Lede van die PVO se tak in Pretoria het op 28/08/2020 vir die eerste keer sedert Mrt 2020 byeengekom. Die foto hieeronder toon die lede teenwoordig, met die oopstoel ter ere van Pieter van der Walt wat onlangs oorlede is.

Die PVO se nuusbriewe van die afgelope vyf jaar kan op die PVO se skakel by http://parabat.org.za/wp-content/PVOapp/PVO_5_Jaar_Blad.pdf gevind word".

ASPECTS CONCERNING OUR PENSION FUND (GEPF)

50. Cleaning Up the Public Investment Commission (PIC)

The commentator, Dr JP Landman, better known as the husband of Ruda Landman, reports that "… at the PIC no fewer than 17 board members and senior executives have left between Jun 2018 and Apr 2019, mainly due to the report of the Mpati Commission that was released in Mar 2020. A special team under Judge Yvonne Mokgoro is now assisting the new board in implementing the recommendations of the Mpati Commission and a much stronger organisation is emerging. Some have already received summonses to repay money and I suspect more summonses will be issued".

51. Media Statement by AMAGP on the Public Protector's Report

AMAGP has finally received the report from the Office of the Public Protector (PP) on the findings of alleged mismanagement of the pension fund. We completely reject the report in its totality, as well as the conclusions reached by the PP. We will, therefore, obtain legal advice on how to proceed further with the matter. The attention of the members of the pension fund is especially drawn to the report of the Mpati Commission, its recommendations and even more so, the Commission's remarks about the GEPF. They can then reach their own conclusions and also allows them the freedom to take any action they deem appropriate under the circumstances. The Mpati report can be found on the link at http://www.thepresidency.gov.za/download/file/fid/1811

52. New Issue of the GEPF Monitor

Stephanus Versfeld reports that PF Monitor No 13 of 2020 is now available and can be read on our website at www.amagp.co.za, or can be requested from the e-mail addresses at amagp.sek@gmail.com or verssa@sonicmail.co.za.

SOEKTOGTE

53. NTR.

GELEENTHEDE, FUNKSIES EN KURSUS- EN ANDER RE-UNIES

54. Hinderlaag van die Infantrie-vereniging op 19/09/2020

Die volgende Hinderlaag vir die Pretoria gebied is 19 September 2020. Tyd 12h00. Venue is Bronberg Landgoed. Drag is Drag 4 (Gholfhemp). Kontantkroeg beskikbaar. Elke man

bestel self vanaf die spyskaart en betaal individueel self. Bespreek asb soda tons genoeg tafels beskikbaar het in die restaurant vir ons as Infanteriste. Ko mons kuier weer saam soos voorheen. Bespreek by geoff@bexlosa.com of skakel Geoff by 076679355. Ons sien julle daar.

55. Re-unie van die Savannah Veterane-vereniging

Die volgende re-unie van die vereniging sal op 27/03/2020 plaasvind om 45 jaar na die eiende van die operasie te herdenk. |Die fotos toon die lede wat een van die vorige re-unies bygewoon het en die roetes wat die veggroepe tydens die operasie gevolg het.

ADMINISTRASIE

56. NTR.

NETWORKING

57. NTR.

LAASTE LAWWE (EN SOMS ERNSTIGE) STUKKE

58. Maximum Height of any Tree

The maximum height of any tree is 129.8m. The opposing forces of gravity prevents any higher growth.

59. Pandemic of 1918

The 1918 influenza pandemic lasted for 14 months and it is estimated that about one-third of the world's population became infected. The infection was brought to SA by troops returning from Europe at the end of WW1.

60. Food for Thought

* When your children are teenagers, it is important to have a dog so that someone in the house is happy to see you - Nora Ephron

61. Groete vanuit die Nuwe USSR

Jaco Steenberg van die SAWV deel die goeie nuus dat hy "…die Russiese Covid-19 entstof onvang het en dat daar geen nagevolski efectovski secundariosvki Кто может это прочитать, это уродливый парень .Привет друг Антонио!"

62. Die Operasionele Risiko van 'n Vinnige Vakansie

Daan Kemp van Leërinligting verwittig "… dat 'n Britse bataljon met drie maande se ontplooiing in Malta was en sou direk daarna na Duitsland vir 'n verdere drie maande herontplooi. Die bataljonbevelvoerder reël toe 'n week se SB vir die bataljon tussen die twee ontplooiings. Die gevolg was dat amper al die vrouens/eggenotes in die bataljon nege maande later afgelaai het, insluitend die bataljonbevelvoerder se vrou. Wys net wat die militêre langtermynimplikasies van 'n los gelukkie kan wees!"

63. As Kleynhans van die Lugafweer se Omstrede Mening

"Daar word geglo dat 70% van al die Landrovers wat sedert 1973 gebou is nog op die pad is; die ander 30% het darem seker reeds hulle bestemming bereik!"

64. Besoeker by die Agterdeur

"Dit is so droog, so kan ek asseblief 'n bietjie water kry".

65. Die Groot Behoefte.

Hierdie is sonder toestemming van Chris van Zyl se blad op FaceBook onttrek:

65. SLOT

En op daardie noot van ‘n brandende begeerte, geniet die nuwe week en maand.

Johann

VRYWARINGSKLOUSULE

60. Hierdie Nuusbrief bevat die uiteenlopende en diverse persoonlike menings van Militêre Veterane en die Opsteller van die Nuusbrief kan nie in sy persoonlike hoedanigheid daarvoor verantwoordelik of aanspreeklik gehou word nie.